# LOS LIGGAME

## Oorsig:

Die gewrigsvormende gedeeltes van die humerus en die glenoïed by die skouergewrig of van die humerus en die radius en ulna by die elmbooggewrig word bedek deur 'n ferm, gladde weefsel struktuur wat gewrigskraakbeen genoem word. Gewrigskraakbeen absorbeer skok, laat toe vir gladde beweging en beskerm die onderliggende been terwyl die gewrigsdele oor mekaar gly. Wanneer gewrigskraakbeen beskadig word as gevolg van osteoartritis of ander toestande, kan klein stukkies kraakbeen begin losbreek en vry ronddryf in die gewrigsvog. Klein stukkies been kan saam met kraakbeen ook loskom in sulke omstandighede of wanneer daar besering van 'n gewrig plaasgevind het. Hierdie klein fragmente van kraakbeen of been wat nie normaalweg daar behoort voor te kom nie, staan bekend as los liggame.

## Oorsake:

Besering of geleidelike erosie van die kraakbeen tydens artritis toestande veroorsaak die afbreek van klein stukkies kraakbeen wat ronddryf in die gewrig. In areas van beseerde kraakbeen of waar been op been kontak plaasvind kan die selle wat gewoonlik verantwoordelik is vir ontstekingsreaksie in die been, nuwe been neerlegging veroorsaak en benige uitgroeisels uiteindelik vorm wat osteofiete genoem word. Hierdie osteofiete kan ook losbreek en los liggame vorm. Been en kraakbeen fragmente kan losbreek van areas waar daar swak bloedvoorsiening is (osteochondritis dissecans) en bindweefsel strukture wat ontstaan deur bloeding in 'n gewrig of die afsterf van sagte weefsel in 'n gewrig, kan ook los liggame vorm.

## Simptome:

Meeste los liggame veroorsaak nie simptome nie. Hulle kan egter akute skerp pyn veroorsaak met episodes van sluiting van die gewrig, vashaak van die gewrig of 'n gevoel van onstabiliteit. Swelling van die gewrig kan ook plaasvind as los liggame die sagte weefsel irriteer. Skuur- of skaaf-gevoel, bekend as krepitis, mag ook gevoel of gehoor word gedurende beweging.

## Klassifikasie:

Los liggame word geklassifiseer volgens hulle samestelling en of hulle los of gedeeltelik aangeheg voorkom. Kraakbenige los liggame is fragmente van los kraakbeen. Fibreuse los liggame ontstaan vanaf bindweefsel vorming. Osteokondrale los liggame is fragmente van been en kraakbeen wat aanmekaar vas is en saam afgebreek het van hulle oorspronklike ligging. Stabiele los liggame is gewoonlik aan die gewrigsvlies vasgeheg terwyl onstabiele los liggame vry ronddryf en pyn en sluiting van die gewrig kan veroorsaak.

## Behandeling:

Los liggame wat simtpome veroorsaak moet gewoonlik verwyder word. Kleiner liggaampies kan met artroskopiese tegnieke deur gryp instrumente of suiging verwyder word terwyl groter liggame met oop chirurgie verwyder moet word. Los liggame kan ook met wegboor en opbreek in kleiner stukkies behandel word waar die liggaam dan die res verder op 'n natuurlike wyse elimineer. Sommige gevalle, as die gedeeltes groot is, kan dit weer vasgesit word in hul oorspronklike posisie met skroewe of pennetjies.